

## Die representasie van “verbeelde Afrikas” in die latere poësie van Breyten Breytenbach

### Opsomming

In hierdie referaat word ondersoek ingestel na die representasie van “verbeelde Afrikas” in die latere poësie van die digterskilder Breyten Breytenbach. Die vertrekpunt is Breytenbach se toespraak wat hy in Oktober 2016 aan die Universiteit van Pretoria gelewer het, getiteld “Modernities & our inner Africas” (2018:5-17). Hierin gaan Breytenbach van die standpunt uit dat die konsep “Afrikaan” *nie* op ’n binêre sisteem “Afrikaan” / “nie-Afrikaan” berus nie, maar dat dié begrip eerder as “veelvuldig” en “divers” bedink moet word. Vervolgens word die argument aan die hand van drie kontekste verken: (1) ’n historiese konteks waarin ondersoek ingestel word na Breytenbach se “om Afrika te verbeel”-projek by die Gorée-Instituut in Dakar, Senegal; (2) enkele filosofiese besinnings aan die hand van twee van Breytenbach se beskouwlike tekste, naamlik “Imagining Africa” (2009:53-70) wat Breytenbach in Julie in Potsdam geskryf het, en “Imagine Africa” (2015:117-125) ’n toespraak wat Breytenbach in Maart 2007 by die Arterial-kongres by die Gorée-Instituut gelewer het; en (3) hoe hierdie idees rondom “verbeelde Afrikas” neerslag vind in sy latere poësie (van 1984-2014). Die historiese agtergrond sluit in die ondersoek na die oprigting van die Gorée-Instituut na afloop van die Dakar-samesprekings in 1987 om sodoende lig te werp op die evolusie van Breytenbach se beskouwlike tekste oor Afrika, wat onder andere gestalte vind in bogenoemde tekste. Hierdie beskouings oor Afrika, en wat dit beteken om Afrikaan te wees, word dan die vertrekpunt vir die bestudering van Breytenbach se poëtiese tekste soos opgeneem in *Die singende hand. Versamelde gedigte 1984-2014* (Human & Rousseau 2016). Dié referaat sentreer spesifiek op die analise en interpretasie van die “Gorée-” of “eiland-gedigte” soos vervat in Breytenbach se *Die singende hand* (2016) en in die prosabundel *Woordvogel* (oorspronklik *A Veil of Footsteps*, Podium 2008, vertaling Krijn Peter Hesseling) wat terselfdertyd ’n toetsgeval word om te sien tot in watter mate Breytenbach se filosofiese beskouings neerslag vind in sy literêre werk, indien enigsins. By die analise en interpretasie van die tekste, word veral Breytenbach se poësie as ’n semiotiese sisteem beskou, wat meervoudige betekenis oor die aard van die speling tussen die begrippe Afrika/Afrikaan kommunikeer. ’n Aantal van die gedigte en prosafragmente is ook vertaal in Nederlands (soos *De zingende hand*, Podium 2017, vertaling Laurens van Krevelen). Breytenbach se werk sirkuleer in die transnasionale domein. Vanuit ’n vergelykende perspektief word nagegaan hoe die eiland- en Afrika-/Afrikaan-tekste in die skeppende werk van Breytenbach en in Afrikaans en Nederlands aangebied en ontvang word.

Alwyn Roux (Universiteit van Suid-Afrika) en Yves T’Sjoen (Universiteit Gent/Universiteit Stellenbosch)